AKADEMIE

LOURIERAAND

1. SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTE

Word toegeken aan:

1.1 Alle leerders van die TOP 10 Akademie in elke graad.

1.2 Alle vaktoekennings.

1.3 Wenners van Trofeë.

2. HALFKLEURE

Halfkleure word toegeken aan ‘n leerling wat:

2.1 Graad 8

- 1 Jaar ‘n promosiegemiddeld bo 85% het.
- Die nr. 1 posisie op die Akademiese Top 10 behaal het.

2.2 Graad 9 en 10

- 1 Jaar ‘n promosiegemiddeld bo 85% het indien die leerder nie reeds halfkleure in die vorige jaar verwerf het nie.
- Die nr. 1 Posisie op die Akademiese Top 10 behaal het.

2.3 Graad 11 en 12

- 1 Jaar ‘n Promosiegemiddeld bo 75% het indien die leerder nie reeds halfkleure in die vorige jaar verwerf het nie.
- Die nr. 1 posisie op die Akademiese Top 10 behaal het.

3. EREKLEURE

Erekleure word toegeken aan ‘n leerling wat:

3.1 Graad 8

- Geen Graad 8 leerders kan kwalifiseer vir Erekleure Akademie nie.

3.2 Graad 9 en 10

- Een jaar ‘n gemiddeld bo 80% behaal op voorwaarde dat die leerder reeds Halfkleure Akademie verwerf het in die vorige akademiese jaar.

3.3 Graad 11 en 12

- Graad 11: Een jaar gemiddeld bo 75% indien die leerder reeds in Graad 10 Halfkleure Akademie verwerf het.
- Graad 12: Een jaar gemiddeld bo 75% indien die leerder reeds in Graad 11 Halfkleure Akademie verwerf het.
- Graad 12: Twee jaar gemiddeld bo 75% indien die leerder nog nie Halfkleure verwerf het in Graad 8-11 nie.

4. VAKTOEKENNINGS

Vaktoekennings word gemaak aan die einde van **Graad 9** omdat dit ‘n afsluiting van ‘n fase is en ook in **Graad 12**.

GRAAD 9

- ‘n Vaktoekenning word gemaak aan die leerling wat die hoogste gemiddeld (promosiepunt) per vak in ‘n betrokke jaar behaal het.
- ‘n Subminimum van 80% word gestel.
- **Let wel: Die Promosiepunt word gebruik en wel tot op die tweede desimaal. Indien daar ‘n gelykop uitslag is word die toekenning aan beide leerders gemaak.**

GRAAD 12

- ‘n Vaktoekenning word gemaak aan die leerling wat die hoogste gemiddeld (jaarpunt) per vak in ‘n betrokke jaar behaal het.
- ‘n Subminimum van 75% word gestel.
- Die Rekordeksamenpunt word ook hierby ingereken.
- Leerders ontvang ook ‘n wisseltrofee tydens die Matriek Lourieraand.
- **Let wel: Die SBA-punt word in alle vakke gebruik en wel tot met die tweede desimaal. Indien daar ‘n gelykop uitslag na die berekening tot met die tweede desimaal is, word die prestasie van die REKORDEKSAMEN alleen gebruik.**

5. TROFEë

Let wel: - Graad 8 en 9 alle vakke.
Graad 10-12: 4 Verpligte vakke + die 3 beste keusevakke.

- Hierdie toekennings word gemaak aan die leerder wat die hoogste gemiddeld behaal het gedurende daardie betrokke jaar.
- Hierdie gemiddeld word bepaal deur die promosiepunt aan die einde van die jaar vir Graad 8-11.
- Die Graad 12 SBA-punt, wat die Rekordeksamen insluit, word gebruik.
- 'n Subminimum van 85% in Graad 8, 80% in Graad 9 en 10, 75% in Graad 11 en 12

DR J C OTTO TROFEE VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GR 12

Die trofee is in 1981 geskenk deur Dr. Otto, eerste permanente hoof van die skool.

DR FANIE FRIIS TROFEE VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GR 11

Die trofee is in 1981 geskenk deur Dr. Friis, wat Dr. Otto as hoof opgevolg het.

CHRIS SCHUTTE TROFEE VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GR 10

Die trofee is in 1981 geskenk deur Mnr. Schutte wat Dr Friis as hoof in 1976 opgevolg het.

DAAN FERREIRA TROFEE VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GR 9

Die trofee is in 2014 aangekoop en vernoem na Mnr. Daan Ferreira voormalige skoolhoof.

DR FAAN VAN WYK TROFEE VIR DIE BESTE AKADEMIESE PRESTASIE IN GR 8

Die trofee is in 2014 aangekoop en vernoem na Dr. Faan van Wyk huidige skoolhoof.

6. OUD SKOLIERE TOEKENNING

- Die toekenning word jaarliks toegeken aan die top akademiese presteerder van die vorige jaar.
- Die toppresteerder word bepaal soos op nasionale vlak deur die 4 verpligte vakke en die 3 beste keusevakke te gebruik om ‘n gemiddeld te bepaal.
- Twee toekennings word jaarliks gemaak:
  - ‘n Spesiale Sertifikaat, geraam met ‘n Eremedalje, word aan die Top Akademiese presteerder gemaak.
  - ‘n Spesiale Sertifikaat, geraam met ‘n Eremedalje, word aan die leerder oorhandig wat die meeste onderskeidings in die Graad 12-eindeksamen verwerf het.
- Een leerder kan wel beide toekennings ontvang.